# OPMERKINGS OMTRENT DIE REGSKARAKTER VAN DIE MEERDERE VERGADERINGE VAN GEREFORMEERDE KERKE

*Prof. Dr. L. Roeleveld (Durban)*

## IS DIE KERKVERBAND VOLGENS KLASSIEK-GEREFORMEERDE KERKREG 'N REGSPERSOON ?

Hierdie vraag word bevestigend beantwoord deur Dr. D. C. G. Fourie in sy LLD-proefskrif aan die P.U. vir C.H.O. ‚*Die Nederduits Gereformeerde Kerk as regspersoon in die Suid-Afrikaanse Privaatreg*', geskryf onder leiding van prof. J. D. van der Vyver (1973). Hy is tans Actuaris van die Algemene Sinode van die N.G.K.S.A.

Ek aanvaar, dat volgens die Kerkorde en Bepalinge van die NGK en die Wet van 1961 no 22 (Proefskrif bl 83, 154, 196 en 208) die NGK inderdaad 'n regspersoon is. Ek oordeel egter dat 'n kerkverband volgens gereformeerde kerkreg nie 'n regspersoon is nie. Ek wil my opinie, sonder aanspraak op volledigheid, soos volg toelig.

## WAT IS 'N REGSPERSOON ?

Fourie stel tereg dat daaroor baie teorieë bestaan. Op bl 27 vermeld hy dat 'n regspersoon moet voldoen aan die vereiste van kontinuïteit ten spyte van die wisseling van individuele lede (perpetual succession).

In die Romeins-Hollandse reg kan 'n vereniging 'n regspersoon wees en word dit *universitas* genoem. In dié geval behoort die vermoë (eiendom ens.) aan die lede gesamenlik as 'n kollektiwiteit, nie aan hulle persoonlik nie. Wat aan en deur die vereniging verskuldig is, is nie aan en deur sy lede verskuldig nie, tensy die reglement anders bepaal. Al is die lede nie teenoor die skuldeisers van die vereniging gebonde nie, is hulle tog in geval van balanstekort afsonderlik verplig om soveel by te dra dat die vereniging sy skulde kan betaal. Die reglement kan hulle van hierdie bydraeplig egter uitsluit[1].

Volgens die Romeins-Hollandse reg is die gereformeerde plaaslike kerk 'n regspersoon. 'n Wederdopergenootskap is dit egter nie[2] tensy die owerheid hom uitdruklik erken het.

'n Regspersoon tree soveel moontlik soos 'n natuurlike persoon as eenheid in die regsverkeer op. 'n Plaaslike gemeente kan dus eienaar wees van roerende of onroerende goedere en as party in 'n proses optree. In die laaste geval het die kerkraad of vergadering van diakens die kerk in regte verteenwoordig[3].

In die Romeins-Hollandse regspraktyk is nog geen bewyse gevind dat dieselfde ook t.o.v. 'n groep gereformeerde kerke gebeur het nie en dat die groep as sodanig dus 'n regspersoon kon wees nie. Dit is verstaanbaar omdat die Nederlandse Geloofsbelydenis slegs die plaaslike gemeente as 'n institutêre eenheid ken. In die DKO is geen voorskrif aanwysbaar dat dit vir groepe van kerke wat in classes en sinodes vergader, ook sou geld nie.

## VEREISTES VIR REGSPERSOONLIKHEID

Volgens uitleg deur die Suid-Afrikaanse regspraak van die Romeins-Hollandse reg moet 'n regspersoon aan die volgende vereistes voldoen[4]:

(a) Die regspersoon moet 'n wettige doel hê; dié doel is in die geval van 'n kerk aanwesig.

(b) Dit moet bestendigheid hê, 'perpetual succession', dus 'n bestaan onafhanklik van sy lede. Die vereiste is uitgedruk in art 27 NGB 'Hierdie Kerk was daar van die begin van die wêreld af en sal daar wees tot aan die einde toe....' (Vgl. ook antwoord 54 van die Heid. Kat.)

(c) Dit moet vermoënsregtelike bevoegdhede hê, 'proprietary capacity'.

Fourie gaan verder en stel op bl 28 dat 'n regspersoon 'n afgeskeide vermoë moet hê. Hierdie stelling gaan dus nie net om die kapasiteit om vermoë te besit nie, maar om die vermoë wat feitlik bestaan, waarvan die regspersoon eienaar is.

Hierdie stelling is onjuis. 'n Gemeente is 'n *congregatio,* 'n groep van lidmate wat die gemeente vorm. Dit is volgens art 27 NGB 'n vergadering van almal wat waarlik in Christus glo. 'n Natuurlike persoon bly 'n persoon ook sonder vermoë en selfs wanneer hy net skulde het. Dit geld ook vir die gemeente as regspersoon. Die saak is dus net andersom: Omdat 'n gemeente regspersoon is, kàn dit vermoë besit. Die gemeente van Smirna was sonder vermoë tog ryk omdat dit as liggaam van Christus regspersoon was (Openb. 2 : 9). 'n Gemeente bly regspersoon ook as, byvoorbeeld kommuniste, sy goed konfiskeer.

## BENAMING VAN REGSPERSONE

Fourie stel op bl 48: *Universitas, collegium, corpus* is identies met regspersoon in die Romeins-Hollandse reg. Van Leeuwen skryf oor ,collegiën als kerken'. Op bl 45 merk Fourie egter op: In die Romeinse reg bestaan *collegia* wat nie *universitates* is nie.

Volgens die bronne van die Romeins-Hollandse regspraktyk wat ek geraadpleeg het, sê die benaming van 'n instelling niks oor die vraag of dit 'n regspersoon is nie. Dit hang net daarvan af of dit aan die vereistes wat die reg stel, voldoen.

Die Verenigde Oos Indiese *Kompanjie* wat in 1602 opgerig is, kan reeds as 'n regspersoon beskou word, 'n voorloper wat die Maatskappywet van 1973 as 'n *maatskappy* omskryf, wat regspersoon is. Ek het voorbeelde aangetref van regspersone onder die benaminge *vennootskap, societeit, societas, broederskap, kollegie, gilde, vereniging, fonds, beurs, bus en bos,* maar hul was nie altyd regspersone nie. Ek het die indruk dat *universitas* wel altyd 'n regspersoon is, maar dat dit nie met *collegium* en *corpus* die geval is nie. *Collegium* is 'n groep van tenminste drie persone (Digeste 50.16.85: *Tres faciunt collegium).* Moontlik moet art 39 DKO teen die agtergrond hiervan gelees word: *Plekke waar nog geen kerkraad (van tenminste drie lede) kan wees nie, moet deur die klassis onder die sorg van 'n naburige kerk gestel word.*

Die Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens noem die kerkraad in die Nederlandse taal 'n ‚*college of gezelschap*', wat in die Afrikaanse teks verkeerd vertaal is deur ‚*liggaam of vergadering*'. Die kerkraad is immers die ‚college' en die gemeente is die liggaam. Die kerkraad is nie 'n regspersoon nie, want die kerkgebou behoort geregistreer te wees op naam van die gemeente en nie van die kerkraad nie. Daarmee sou die woordgebruik met die oorspronklike Romeinse reg ooreenstem. (In die Engelse reg is dit moontlik anders wanneer die kerkraad as trustee beskou word).

Ten opsigte van woord liggaam, *corpus, soma* geld dieselfde. *Ekklesia* kan opgevat word as plaaslike gemeente. In daardie geval is die *corpus* 'n regspersoon. *Ekklesia,* liggaam van Christus, het ook 'n universele betekenis vir al die ware gelowiges in die hele wêreld. Die woord liggaam druk dan die eenheid uit sonder om te dink aan 'n universele institutêre wêreldkerk soos die Pousdom dit georganiseer het.

## KERKVERBAND IS NET 'N REGSPERSOON WANNEER DIT DIE WIL VAN DIE AANGESLOTE KERKE IS

Fourie bl 61, 79 lees Gisbert Voet, Politica Ecclesiastica IV 225 in die betekenis dat die kerkverband 'n eenheid in korporatiewe sin is: *Correspondentia et conjunctio plurium ecclesiarum in unum corpus.* Fourie sê dat die juridiese konstruksie van die kerkverband wat as 'n regspersoon deur die sinodale of ringsverband as orgaan handel, aansluit by die oudste en suiwerste gereformeerde tradisie (bl 62, 63 en 120). Die Skrifbewys is volgens hom te vinde in Hand 8 : 3, 9 : 31, Hand 15, 18 : 16—18, 1 Kor 14 : 29, Gal 1 : 13.

Die Skrifbewys van Fourie beïndruk nie. Hand 9 : 31 spreek oor gemeentes in die meervoud en nie oor 'n regseenheid nie. Hand 15 gee volgens baie ekseegte, onder wie Greijdanus, geen steun vir absolute gesag van meerdere vergaderings nie. Die beroep op die ander tekste is vir my duister.

Die teendeel sou egter met Openb 1 bewys kon word, waar Christus aan Johannes beveel om aan die ampsdraers van sewe afsonderlike gemeentes te skryf. Die eenheid tussen hulle is die hoof Christus, maar nie 'n eenheidsorganisasie met regspersoonlikheid nie.

Die DKO druk nergens die wil dat die kerkverband 'n regspersoon soos dit by die NGK die geval is, uit nie.

Die uitdrukking *unum corpus* bewys ook nie dat die organisasie 'n regspersoon is nie, want die benaming is nie beslissend nie en die uitdrukking liggaam dui dikwels nie op 'n regspersoon nie. (Kyk hierna: Ecclesia universalis).

## DIE ROMEINSE REG KEN GEEN KERKVERBAND AS REGSPERSOON NIE

Met hierdie mening van Fourie op bl 63 kan saamgestem word. Ek voeg daaraan toe dat dieselfde vir die Romeins-Hollandse reg geld, in elk geval met betrekking tot gereformeerde kerke.

Die Romeins-Hollandse reg het wel ander organisasies geken wat gesamenlik as regspersoon optree. Voorbeelde is gekombineerde versekeringskasse en die Nederlandse Republiek self, wat 'n regspersoon is, gevorm uit die provinsies as regspersone. *A contrario* volg hieruit dat dit nie met gereformeerde kerke die geval was nie. Dit kon ook moeilik, want die regering het na 1619 die byeenroeping van 'n nasionale vergadering belemmer. Wel het klassikale vergaderings regspersoone opgerig, byvoorbeeld vir die versorging van weduwees en wese van predikante[5]. As die kerke in meerdere vergaderings byeen self regspersone sou gewees het, was dit oorbodig gewees om nog afsonderlike regspersone vir meer kerke op te rig.

## DIE ECCLESIA UNIVERSALIS

Fourie vermeld op bl 64 met 'n beroep op die Justiniaanse wetgewing, dat die *ecclesia* daar die plaaslike gemeente en die *ecclesia univeralis* die mistieke liggaam van Christus is[6]. Hy omskryf egter nie wat daarmee bedoel word nie, nog wat die betekenis daarvan vir die regstoepassing is.

Volgens die teorie van Abram Kuyper is die mistieke liggaam van Christus die teenstelling met die sigbare instituut. Dit is nie 'n plaaslike gemeente nie, ook nie 'n landelike kerk nie, maar die gemeenskap van alle uitverkorenes, altans vir sover hul gebore en wedergebore is[7].

In 1 Kor 12 : 27 beteken liggaam volgens Grosheide daarenteen plaaslike gemeente.

Volgens die Belgiese juris F. de Visscher moes kragtens edikte van keiser Augustus bepaalde burgers aan die openbare dienste ten bate van die ,liggaam van die Grieke' deelneem. Oor die uitleg van hierdie uitdrukking het meningsverskil ontstaan. Dit is beweer dat dit 'n nasionale gemeenskap, wat bo die stede staan, kon beteken; of nie 'n geslote gemeenskap van Grieke in elke afsonderlike stad nie maar die Griekse gemeenskappe in elke afsonderlike stad. Die keiser het aaneensluiting van meer stede volgens sy verdeel-en-heerspolitiek egter nie begunstig nie; die regstaal ken wel die ,liggaam van die stad'[8], maar nie die liggaam van burgers wat die stad vorm nie. Bogenoemde verklarings gaan daarom nie op nie. Visscher neem aan dat dit hier glad nie om 'n liggaam van die Grieke gaan nie, maar daarom dat die betrokke persone, nuwe burgers, met hul liggame, dit is persoonlik, dienste moes verrig. Liggaam, *soma, corpus* beteken eenheid. Die *soma* van 'n *polis* is die liggaam van 'n stad of staat. So 'n liggaam is 'n regspersoon. 'n Kollektiwiteit wat geen eenheid, geen geheel is nie, kan op die naam liggaam geen aanspraak maak nie.

Schilder lei hieruit af dat in die begrip *liggaam* die elemente van openbaarheid, sigbaarheid en organisasie opgesluit is. Die woord *corpus* as vertaling van *soma* is daarom onbruikbaar in die uitdrukking ,die mistieke liggaam van Christus'. Die liggaam van Christus is die *congregatio* van Christus. Dit is wat die Skrif leer in 1 Kor 12 : 12—27, Rom 12 : 5, Efese 4 : 4, Kol 1 : 18, 24. Dié liggaam is die plaaslike gemeente met sy georganiseerde ampte, sigbaar met 'n eie adres.

In die Romeinse regsdenke kòn enige kollektiwiteit van persone of plaaslike gemeentes hom wel as 'n regspersoon organiseer. Die juriste het drie soorte liggame onderskei: (1) die wat uit een wese bestaan soos 'n mens, 'n vaartuig of 'n klip; (2) die wat bestaan uit sake wat saamhang soos 'n gebou, 'n skip, 'n kas; (3) die wat uit verskillende dele bestaan *ut corpora plura (non) soluta, sed uni nomini subjecta,* sodat meer sake onder een naam genoem word soos volk, leër, kudde[9]. Hieruit volg onmiskenbaar dat liggaam nie altyd regspersoon beteken nie.

Jacobs neem aan dat die woord *soma* in 1 Kor 12 : 27 wel betrekking het op die gelowiges in die hele wêreld wat een in Christus is. Maar dié eenheid as besef van algemene saamhorigheid bestaan sonder dat daar 'n organisasie bo die plaaslike kerk bestaan[10]. Tot in die derde eeu was daar geen dwingende mag van meerdere vergaderings nie. Nogtans was daar 'n eenheid ondanks groot verskeidenheid en verskil op ondergeskikte punte van geloofsoortuiging wat later nie meer voorkom nie.

## DIE GEMEENSKAPLIKE EIENDOM VAN MEER KERKE

Fourie beroep hom graag op die Nederlandse privaatreg wat vir regspersone byna heeltemal met die Romeins-Hollandse reg ooreenkom en in ieder geval daarop voortbou. Op bl 68 beweer hy ten onregte dat die nuwe Nederlandse Burgerlik Wet boek die kerkverband tot regspersoon verklaar. Op bl 81 en 209 maak hy ongemotiveerd die stelling dat die Nederlandse Hoge Raad in sy beslissing van 13 Mei 1938 die regspersoonlikheid van die ringsverband sou gehandhaaf het.

Die grondwetlike en internasionaal gewaarborgde godsdiensvryheid in Nederland laat elke godsdienstige groep toe om hom te organiseer soos hy wil. Dit erken derhalwe die hiërargie van die Roomse kerk en net so goed die independentisme van gemeentes wat geen enkel gesag van meerdere vergaderings het of erken nie.

Uit die aangehaalde beslissing van die Hoge Raad volg egter die teendeel van Fourie se bewering. Die GNK het in 1933 'n nuwe artikel 84 in die DKO ingevoeg nadat plaaslike gemeentes met behoud van hul goedere uit die kerkverband getree het as gevolg van die sinodebeslissing in 1926 oor die uitleg van Genesis (die Geelkerkensaak). Die Nederlandse regbanke wat oor goedere moes beslis, het die Dordtse kerkreg gevolg en in suiwer geloofsake die meerderheidsbeslissing van die kerkraad bindend geag. Die goedere van kerkverbandelike organisasies was regtens mede-eiendom van die betrokke kerke. Uitgetrede kerke kon hul deel daarvan opeis, omdat die samewerking in die verband geëindig het. Om te voorkom dat dit in die toekoms weer sou kon gebeur, het die sinode in die nuwe bepaling die onderskeie kerkverbande tot vermoënsregtelike eenhede as regspersone verklaar. Dié wysiging het nie sover gegaan dat die verbande self, ook in geestelik opsig, regspersone geword het nie. In die baie hofsake na die skeuring van 1944 en later het die howe hul hul benadering nie gewysig nie. Uittreding uit die verband onder bepaalde omstandighede het moontlik gebly sonder dat die uittre-

dende kerke hul plaaslike eiendomsregte verloor[12].

Die GKN, wat as sinodale kerke in onderskeiding van die vrygemaakte kerke bekend staan, het omstreeks 1950 sy kerkorde ingrypend gewysig. Die geestelike vader van die sogenaamde Herziene Kerkorde, D. Nauta, staan op die ,landskerk' standpunt, in lynregte stryd met wat Gereformeerds nog altyd onder kerk in lokale en universele sin verstaan het[13]. Daar kan betoog word dat kragtens die hersiene KO die GKN 'n landelike regspersoon geword het, maar vir sover bekend, het die vraag nog nie in die Howe tot toetsing gekom nie.

Die GKSA het met dieselfde problematiek te doen. Die Sinode van 1955 het dit probeer oplos[14]. Omtrent die eiendomme van plaaslike gemeentes bepaal dit dat die gemeente die alleeneienaar is en dat die kerkraad bevoeg is om eiendomsdade te verrig. Dit volg reeds uit die gemene reg, arts 30—32 NGB en art 11 KO en was dus eintlik 'n oorbodige bepaling.

Die besluit konstateer verder dat die bestaande Kerkorde van die GKSA geen bepalinge bevat omtrent die eiendomme van die afsonderlike klassisse, sinodes en bestaande of toekomstige stigtinge van die Algemene Sinode nie. Daarom verklaar die Sinode dat elke klassis of partikuliere sinode of sinodale stigting binne die kerklike gemeenskap van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika alleen eienaar van sy goedere of fondse is. Elke klassis of partikuliere sinode of die trustees van enige stigting is bevoeg om in naam en ten behoewe van die betrokke liggaam regshandelinge te verrig. Die domicilium citandi et executandi vir die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika as geheel en vir elke klassis en partikuliere sinode en vir alle klassis- of sinodale stigtinge van die GKSA sal wees by die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk in die Teologiese Skool, Molenstraat, Potchefstroom.

Volgens Fourie bl 79 beteken dit dat die GKSA in sy onderskeie verbande korporatiewe eenhede is. Hy verwys na Voet Politica Ecclesiastica III 26 *Corpus ecclesiarum in unam correspondentiam classicam aut synodicam unitarum.*

Die vraag is egter: Druk die besluit van 1955 egter duidelik die bedoeling uit dat die groepe van plaaslike gemeentes in klassisse, partikuliere en algemene sinodes vergader, afsonderlike regspersone word? Kan 'n algemene sinode dit bepaal sonder om die kerkorde te wysig? Is dit moontlik sonder om die kerke as 'n landskerk-regspersoon te organiseer?

Geregverdige twyfel is moontlik. Dié bedoeling sou lynreg ingaan teen die gevestigde tradisie van die gereformeerde kerkreg. Dit kan dus nie implisiet ingevoer word nie. Die bedoeling kan ook nie volg net uit die benaming ,liggaam' nie, soos hiervoor bewys is. Het die registrasie van geboue, byvoorbeeld in die naam van die GKSA, Stigting Teologiese Skool Hammanskraal die in lewe roep van 'n afsonderlike stigting-regspersoon tot gevolg of konstateer dit net die bestaan van so 'n stigting wat reeds opgerig was? Dit lyk asof die benaming van trustees juis op die afwesigheid van 'n regspersoon wys, maar wat is 'n stigting sonder regspersoonlikheid?

Hierdie saak verdien heroorweging, ook vanuit die geestelike karakter van die gereformeerde kerkverband[15]. Fourie help ons nie verder nie.

## DIE TYDELIKE KARAKTER VAN MEERDERE VERGADERINGS

Fourie stel, bl 123: Die kerk in sinodale verband is voortdurend en permanent, maar sy orgaan, die sinodale vergadering, is tydelik in die sin dat dit afgehandel is sodra die sake waaroor die sinode saamgekom het, behandel is.

Hierdie stelling is vreemd. 'n Regspersoon is 'n permanente liggaam en behoort daarom ook 'n permanente bestuur te hê. Die regering van 'n plaaslike gemeente is permanent. Kyk art 30 NGB en art II DKO, op grond waarvan die kerkraad die kerk permanent verteenwoordig. Art 30 DKO slot konstateer egter dat die amp van die voorsitter van 'n meerdere vergadering ophou as die vergadering beëindig is. Nêrens elders skryf die DKO voor dat meerdere vergaderinge of meerdere kerke 'n permanente eenheid is nie. Gevolglik beteken die aangehaalde slot van art 35 DKO dat die kerkverbande geen regspersone is nie. Vir afwikkeling van die lopende sake van 'n meerdere vergadering en vir voorbereiding van volgende meerdere vergaderinge maak art 49 DKO voorsiening. As die sinode 'n lashebber van die plaaslike kerke is, is die deputate wat hy benoem onderlashebbers, wat dus geen gesag van hulself het nie. Arts 35 en 49 DKO veronderstel desentralisasie van die kerklike organisasie, nie sentralisasie nie.

Art 40 KO NGK wys egter na afloop van 'n sinode die moderatuur as die orgaan van die kerkverband-regspersoon aan deur te bepaal dat die moderatuur na afloop van die vergadering as kommissie van die sinode voortduur. Hoewel die moderatuur minder bevoegdheid as 'n sinode het, kan dit tog as 'n permanent bestuur beskou word, al is dit net na afloop van die sinode. Dit wys op 'n institutêre sentralisasie van die kerkverband wat afwyk van die gereformeerde wese daarvan.

## KAN 'N SINODE 'N KERKRAAD ONTSLAAN ?

Volgens Fourie, bl 222, is Voet se siening P.E. I.227 dat 'n kerkraad as liggaam (?) deur 'n meerdere vergadering afgesit en ontslaan kan word, foutief. Tereg kan dié opvatting van Voet in die NGK geen toepassing vind nie. Fourie verwys vir 'n volledige(!) uiteensetting van die stryd in Nederland na M. Bouwman, *Voetius over het gezag der synoden*, proefskrif V.U. Amsterdam 1937 bl 317 ev.

Dis jammer dat Fourie hierdie stelling nie nader uitwerk en bewys nie. Sy formulering *kerkraad as liggaam* is onjuis (soos reeds aangetoon is). Die werklike stryd oor hierdie vraag het ontstaan nadat die Generale Sinode van die GKN op 1 September 1944 besluit het ,den schismatieken kerkeraad met wie zich onder zijn leiding stellen niet langer als Geref. Kerk in het verband van de Geref. Kerken in Nederland te beschouwen'. Die sonde van hierdie kerk (van Bergschenhoek) van minder as tagtig belydende lidmate was dat dit toegelaat het dat 'n proponent wie se preekkonsent ten

onregte ingetrek was, 'n stigtelik woord gespreek het; voorts dat dit prof. K. Schilder, wat ten onregte buite die plaaslike gemeentes om, op eie inisiatief van die generale sinode, as predikant en hoogleraar afgesit was, laat preek het.

G. Jansen noem dit 'n tipies voorbeeld van ongereformeerde hiërargie[16]. Genoemde M. Bouwman het in sy brosjure van 1944[17] met 'n beroep op Voetius die teendeel beweer. W. A. van Es het in 1946 die saak uitvoerig uitgepluis[18] en opponeer Bouwman op sterk historiese gronde. Volgens hom beweer Voetius nêrens dat 'n sinode die reg het om 'n kerkraad as sodanig af te sit nie. Vir Voetius gaan dit om die vraag of 'n sinode 'n kerk (L.W. nie 'n kerkraad nie) weens *mala administratio* (op sterkte van slegte regering) uit die kerkverband kan ekskommuniseer weens *isanabilis corruptio* (ongeneeslike korrupsie). Die sinode kan in so 'n geval volgens Voetius aan 'n kerk die broederskap van die kerkverband opsê. Drie gevalle is moontlik: (a) Die grootste deel van die gemeente wil saamwerk met die sinode, maar nie met die kerkraad nie; (b)Die grootste deel van die gemeente onder leiding van die meerderheid van die kerkraad verwerp sinodebesluite; (c) Die gemeente verwerp onder leiding van 'n minderheid van die kerkraad 'n meerderheidsbeslissing van die kerkraad.

In die eerste geval sou volgens Voet die sinode sy samewerking met die gemeente voortsit. Hoe sê hy nie. Van Es beskou dit nie as hiërargie nie, maar as uitoefening van die regeermag deur die gemeente, hoewel 'n sinode leiding gee. Die gemeente het dan die hulp van die kerkverband nodig om 'n nuwe kerkraad saam te stel.

In die tweede geval is die beginsels van art 31 KO DKO van toepassing.

In die laaste geval is Voetius geneig om die geldigheid daarvan te ontken.

Volgens Greijdanus is Voetius met sigself in stryd omdat hy elders benadruk dat die meerdere vergaderinge geen oorspronklike gesag oor die plaaslike gemeentes het nie[19].

Fourie het ander Vrygemaakte gereformeerde kerkregkenners se opinies heeltemaal buite sy gesigsveld gelaat en daardeur op hierdie moeilike sake nog nie antwoord gegee nie.

## KAN 'N PLAASLIKE GEMEENTE UIT DIE KERKVERBAND TREE ?

Fourie vermeld (bl 282) dat in die kerkreg van die NGK 'n gemeente nooit uit die verband kan tree nie. 'n Kerkraad sou dan *ultra vires* handel. Die posisie is dieselfde as die van die GKN (sinodales). Voetius, aldus Fourie (bl 279/280), volstaan met die beginsel dat die gemeentes nie die vryheid besit om die kerkverband te verlaat of dit te onderbreek behalwe wanneer dit noodsaaklik is nie. In hierdie geval, aldus nog Fourie, hou die gemeente regtens op om te bestaan en word na uittrede 'n nuwe gemeente, alleenstaande of in 'n nuwe kerkverband, in die lewe geroep. Hy sê verder (bl 282): Die denkwyse dat die kerkverband geen voortdurende eenheid in korporatiewe sin is nie, beteken dat dit 'n losse ooreenkoms tussen kerkrade (of bedoel Fourie eintlik gemeentes?)

is wat te eniger tyd eensydig deur 'n kerkraad namens die gemeente opgesê word.

Volgens my mening is die bewering dat 'n gemeente wat uit die kerkverband tree ophou om te bestaan absurd. Indien 'n persoon die reg het om as lid van 'n vereniging-regspersoon te bedank, verloor hy daardeur nie sy persoonlikheid nie. Dieselfde geld vir regspersone. Dit is die opvatting van al vyf Nederlandse geregshowe in konflikte tussen die NGK en die kerkverband van die Gereformeerde Gemeentes', waar die Dordtse kerkreg van toepassing was. In sommige sake het M. Bouwman, wat nadat hy sy predikantskap neergelê het, as advokaat opgetree. Die howe het die bewering in sy proefskrif van 1937 met 'n beroep op Voetius(!) verwerp!!!

Die Nederlandse Hoge Raad, onbevoeg om die kerkreg self te interpreteer, het in 1948 beslis dat die kerreg van die sinodales nie ondenkbaar is nie. Die sinodale opvatting en die van Fourie hou in, dat 'n plaaslike gemeente nie die reg het om uit 'n kerkverband te tree nie. Indien hy dit tog doen, is dit onwettig. As gevolg daarvan kan die lede wat uittree geen aanspraak op die goedere van die plaaslike gemeente maak nie, selfs al wil almal uit die kerkverband uittree. Die onwettigheid van die besluit tot uittreding in hierdie stelsel kan egter nie, soos Fourie beweer, beteken dat die gemeente regtens ophou om te bestaan nie. Die onwettigheid impliseeh dat die gemeente in die verband bly voortbestaan.

Hier is ons weer terug by die voor-Reformatoriese hiërargie van die Roomse kerk, soos dit in 1923 in Nederland opnuut gekodifiseer is in die ‚Reglement voor het R.-K. Kerkgenootschap in Nederland! Art XIX daarvan bepaal: ‚Geen afscheiding van parochieën of gedeelten van parochieën kan ooit plaats hebben zonder toestemming van den bisschop; en niemand die zich op eigen gezag afscheidt, kan eenig recht doen gelden op de goederen der parochie' en art. XX: ‚De bisschop heeft het beheer van alle goederen aan het bisdom behoorende'[20].

Die opvatting dat, as 'n kerverband geen regspersoon is, daar net losse ooreenkomste tussen kerkrade bestaan, is onhoudbaar. Die karakter van 'n gereformeerde kerkverband lê immers tussen die uiterstes van hiërargie en independentisme[21].

Prof. L. Roeleveld
Universiteit van Durban-Westville.

VOETNOTE

1 Johannes Voet, Commentarius ad Pandectas 3.4.

2 Simon van Leeuwen, Censura Forensis 2.1.10.15.

3 Die ‚Quaedclap voor den Raad Hof van Holland deel nr 5770; aanwesig in die ‚Archief Hof van Holland, Algemeen Rijksarchief 's-Gravenhage' vermeld die volgende prosespartye wat as voorbeelde mag dien:

15 Des. 1777: Kerkeraad, alsmede Schout en Gerechte van Sprangh als verweerders

2 Febr. 1778: Diaconen van de Nederduijtsche Gereformeerde Gemeente te Amsterdam

27 Mei 1778: Diaconen van de Gereformeerde Gemeente te Ransdorp tegen de Kerkeraad van de Gereformeerde Gemeente te Broek in Waterland

1 Junie 1778: Kerkeraad der Luthe Gemeente te Westzaan

4 Vgl F. E. O'Brien Geldenhuys, Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode, soos toegepas in die gefedereerde Ned. Ger. Kerke in Suid-Afrika, proefskrif Stellenbosch 1951 bl 340—368

5 In sy artikel in De Verzekeringsbode van 31 October 1952 oor predikantebeurse verwys M. van Haaften na die fondsvorming vir predikantsweduwees en wese deur die Partikuliere Sinode vir Suid-Holland op September 1579. Die voorbeeld is ook in Seeland gevolg, waar 'n aanvullende weduweebeurs deur die klassis Walcheren in 1752 is opgerig.

6 Syverwysings na Codex 1.1.8.4, 12, 30 is vir my nie duidelik nie

7 K. Schilder, Verzamelde Werken, De Kerk Deel III, Goes 1965 bl 288—289

8 In 'n saak wat die Grote Raad van Mechelen in 1484 behandel het, word een van die prosespartye aangedui as ,die buerchmeesters ende scepenen onser stad van Hairlem in den name ende als representerende den geheelen lichame der selver stad' ontleen aan Verslagen en Mededeelingen der Vereeniging tot uitgaaf der bronnen van het oud-vaderlandsche recht, Utrecht 1960 bl 272—273

9 Schilder t.a.p. bl 290—297

10 D. Jacobs, De verhouding tusschen de Plaatselijke en de Algemene Kerk in de eerste drie eeuwen, Leiden 1927 bl 94—95, 97

11 Jacobs t a.p. bl 210

12 Kyk oor art 84 (nuut) KO GKN my ,Gereformeerde Kerken in het Privaat recht, Zeist 1958 bl 57—61

13 G. C. P. van der Vyver, Die Kerkblad 27 Junie 1973 bl 12

14 Kerkorde 1968 Hoofstuk 5 bl 81—84. Volgens die aanhef handel dit net oor kerkgronde, dus onroerende goed, maar die teks praat verder ook oor roerende goed

15 Omtrent die verskil tussen die trustverhouding en stigting kyk H. L. Swanepoel, Oor Stigting, Trust, Fidecommissum, Modus en Beding ten behoewe van 'n Derde, Potchefstroom 1961

16 G. Janssen, De feitelijke toedracht, 3e druk, Groningen 1955 bl 162—163

17 M. Bouwman, Tweeërlei kerkrecht, Het zoogenaamde oude kerkrecht noch oud, noch gereformeerd, Amsterdam 1946 bl 35—38

18 W. A. van Es, Over de bevoegdheid tot schorsing en afzetting van Ouderlingen en Diakenen, Kampen 1946, Hoofstuk VIII

19 S. Greijdanus, Over Gereformeerd Kerkrecht, Dienst, Maandblad voor Ouderlingen en Diakenen van de Geref. Kerken in Nederland, 8e jrg 1957 bl 196—206

20 W. J. A. J. Duynstee, Praeadvies over Het rechtskarakter en de vertegenwoordiging van kerkgenootschappen en kerkelijke instellingen, Broederschap van Candidaat-Notarissen 1935 bl 67

21 Kyk byvoorbeeld die nie-gereformeerde kerkregeringstelsels vermeld in Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Potchefstroom 1966 bl 21—27